

Die beheer van winteronkruid in somerreënvalstreke is ook belangrik

ELBÉ HUGO, LNR-Instituut vir Graangewasse

Een van die definisies van onkruid, is dat dit plante is wat groei waar dit nie moet nie. Alle plante wat gesien word as 'n onkruid, het gewoonlik kenmerkende eienskappe, soos 'n lang leeftyd, vinnige ontkieming, welige groei en produksie van derduisende sade.

Onkruid is sterk kompeteerdere wat in wisselende omgewings-toestande kan gedy. Volgens literatuur is ongeveer een derde van die wêreld se onkruidpopulasies eenjarige plante, terwyl die res beskou word as meerjarige plante.

Eenjarige plante voltooi 'n hele lewensiklus (ontkiem, groei, produseer saad, sterf af) in een jaar, terwyl meerjarige gewasse se lewensiklusse oor meer as een jaar strek en veral gekenmerk word deur vegetatiewe reproduksie, soos byvoorbeeld by knolle/bolle en selfs rankers/steggies.

By beide eenjarige en meerjarige onkruid is daar onkruid wat in die somer hulle lewensiklus voltooi (someronkruid), maar daar is ook heelwat onkruid wat in die winter met hulle lewensiklus begin, dit wil sê winteronkruid. Meeste produsente is goed vertrouwd met onkruidspesies wat in die somer opkom en beheer moet

word, maar wanneer die winter aanbreek, dink heelwat produsente die stryd is gewen. Ongelukkig is dit nie die geval nie. Met al hoe meer wisselvallige reënvalpatrone, en die klem op gebrekkige reënval in sommige gebiede, raak die vogbewaring van grond kritiek vir volhoubare gewasproduksie.

Omdat winter- sowel as someronkruid, sterk kompeteerdere is, moet dit beheer word om welige groei en saadstorting in die winter te bekamp. Eerstens kan winteronkruid die grondvog verbruik en aansienlik verlaag. Tweedens word die winteronkruidsaadbank in die grond elke jaar aangevul, wat die probleem net sal vererger oor tyd. Winteronkruid ryp ook nie dood nie, terwyl someronkruid wel sal afsterf ná ryp (sien **Foto 2** van witblombloudissel).

Die mees algemene winteronkruid in veral die Noordwes Provinsie en die Vrystaat is radiatorbossie (*Senecio consanguineus*), vaalskraalhanse (*Conyza* spp.) en witblombloudissel (*Argemone ochroleuca*).

Sommige onkruidspesies kan wel ook laat in die somer begin ontkiem en deur die winter saad stort; hulle sluit in kakiebos (*Tagetes minuta*), kleinkakiebos (*Schkuhria pinnata*), knapsekêrels (*Bidens* spp.) en Kaapse dubbeltjie (*Emex australis*).



▲ 1: Radiatorbossies moet vroegtydig beheer word wanneer dit nog klein is.

